**VRAAG 2** **47 punte**

## 1 Agtergrond

Die XoliXaba Trust is ŉ diskresionêre trust en is in 1995 gestig. Xoliswa Xaba is een van die drie trustees van die Trust en die ander twee trustees is ŉ prokureur en ŉ GR(SA). Laasgenoemde twee is nie een verbonde persone met betrekking tot Xoliswa nie. Die begunstigdes van die Trust is Xoliswa se drie kinders, wat almal bo 18-jarige ouderdom is.

Constak (Edms) Bpk ('Constak') is in 1996 geïnkorporeer. Die Trust hou sedert die inkorporasie daarvan al die uitgereikte aandele in Constak. Constak het van ŉ klein begin tot ŉ groot, gediversifiseerde groep ontwikkel wat dwarsdeur Suid-Afrika en sy buurlande bedrywig is. Xoliswa is die voorsitter van Constak se direksie.

Constak het ŉ Desember jaareinde en is ŉ Kategorie C BTW-ondernemer. Constak het aan die einde van die 2018 jaar van aanslag ŉ vasgestelde verlies van ZAR845 000 gehad.

Constak het drie afdelings, naamlik kleinhandel, projekbestuur en beleggings. Die kleinhandel- en projekbestuurafdelings word deur middel van takke bedryf – hulle is nie afsonderlike regsentiteite nie. Die kleinhandelafdeling verkoop bouprodukte en het verskeie takke in Suid-Afrika en een in Marokko. Die projekbestuurafdeling verskaf projekbestuursdienste aan klein konstruksiemaatskappye in Suid-Afrika. Die beleggingsafdeling bestuur die maatskappy se beleggings in verskeie filiaalmaatskappye, met inbegrip van Sogren Properties (Edms) Bpk ('Sogren'), ŉ maatskappy waarin dit ŉ 70%-belang het.

## 2 Constak-kleinhandelafdeling

Die gedetailleerde inkomstestate van die kleinhandelafdeling se Suid-Afrikaanse en Marokkaanse takke vir die 2019 jaar van aanslag word hieronder uiteengesit. Die resultate van die Marokkaanse tak, wat ŉ permanente saak is, word in Marokkaanse dirhan (MAD) getoon. Die Marokkaanse algemene belastingadministrasie-owerheid hef korporatiewe inkomstebelasting teen ŉ koers van 25% op die wins van enige tak van ŉ nie-inwonermaatskappy. Constak het in Desember 2019 korporatiewe belasting van MAD545 000 aan die Marokkaanse algemene belastingadministrasie-owerheid betaal.

Suid-Afrika het nie het ŉ dubbelbelastingooreenkoms met Marokko nie. Neem aan dat die belasbare inkomste van die Marokkaanse tak soos vir Suid-Afrikaanse belastingdoeleindes bepaal, gelyk aan die belasbare inkomste vir Marokkaanse belastingdoeleindes sal wees.

| CONSTAK (EDMS) BPK KLEINHANDELAFDELING<br>INKOMSTESTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2019 | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | **Aant.** | **Suid-Afrikaanse takke** | | **Marokkaanse tak** | |
| | | **ZAR'000** | **ZAR'000** | **MAD'000** | **MAD'000** |
| Verkope | | | 466 012 | | 60 902 |
| Koste van verkope | | | (266 600) | | (43 809) |
| Beginvoorraad | | 74 640 | | 10 196 | |
| Aankope | | 283 760 | | 46 563 | |
| Min: Eindvoorraad | | (91 800) | | (12 950) | |
| Bruto wins | | | 199 412 | | 17 093 |
| Min: Uitgawes soos hieronder uiteengesit | | | (168 807) | | (14 913) |
| Vergoeding aan werknemer | 2.1 | 175 | | – | |
| Voorsiening vir waarborg-koste | 2.2 | 5 782 | | – | |
| Skenkings | 2.3 | 100 | | – | |
| Bedryfsonkostes (alles belastingaftrekbaar) | | 162 750 | | 14 913 | |
| **Wins voor belasting** | | | **30 605** | | **2 180** |

**Aantekeninge**

### *2.1 Vergoeding aan werknemer*

Constak se Marokkaanse tak word tans deur me Dipuo Motse, 'n Suid-Afrikaanse inwoner wat in November 2017 vir 'n tydperk van drie jaar na Marokko gesekondeer is, bestuur. Terwyl sy daar werk word Dipuo se salaris deur die betaalstaat van die Marokkaanse tak betaal.

Dipuo was in Desember 2018 in 'n ongeluk by die werk betrokke: sy is omgery deur 'n vurkhyser wat bestuur is deur 'n medewerknemer wat besig was om bokse in Constak se Rabat-pakhuis op te stapel. Dipuo het veelvuldige frakture aan albei bene opgedoen en moes 'n ses-uur-lange operasie ondergaan, gevolg deur 'n lang rehabilitasietydperk. Sy kon as gevolg van die ongeluk drie maande lank nie werk nie en het aansienlike mediese uitgawes gehad, wat sy nie van haar mediese fonds kon verhaal nie.

Dipuo het haar mediese uitgawes in Februarie 2019 betaal en het 'n eis van ZAR175 000 in verband met die mediese uitgawes wat sy nie kon verhaal nie, teen Constak ingestel. Constak se hoofkantoor in Suid-Afrika het die eis op 31 Mei 2019 aan Dipuo uitbetaal. Constak se Marokkaanse tak het Dipuo haar volle salaris van MAD40 000 per maand vir die hele tydperk waartydens sy afgeboek was, betaal. Dit is in die Marokkaanse tak se bedryfsonkostes ingesluit.

### *2.2 Voorsiening vir waarborgkoste*

Constak verskaf 'n sesmaandewaarborg op produkte wat deur sy Suid-Afrikaanse takke verkoop word. Ingevolge die waarborg en in ooreenstemming met die toepaslike bepalings van die *Wet op Verbruikersbeskerming,* 2008 (Wet 68 van 2008), sal die goedere terugbetaal of omgeruil word indien die goedere weens 'n ontwerp- of vervaardigingsfout defektief is, ongeskik vir gebruik is of onklaar geraak het. Daar word van kliënte wat op grond van die waarborg eis verlang om hul oorspronklike belastingfaktuur of betaalpuntstrokie as bewys van die aankope toon. Sodra Constak 'n produk terugneem en 'n terugbetaling goedkeur, word die terugbetaling binne drie dae na goedkeuring aan die kliënt betaal.

 © SAIGR 2020

Constak skep ŉ voorsiening vir waarborgkoste gelykstaande aan die beraamde uitgawe wat vereis word om sy waarborgverpligting na te kom. Die voorsiening vir waarborgkoste vir die 2019 finansiële jaar (FJ2019) was as volg:

| | ZAR |
|---|---|
| Saldo op 1 Januarie 2019 | 1 927 800 |
| Voorsiening geskep vir goedere gedurende die jaar verkoop | 5 782 000 |
| Terugbetalings gedurende die jaar betaal | (5 926 800) |
| Saldo op 31 Desember 2019 | 1 783 000 |

### *2.3 Skenkings*

Constak het die onderstaande skenkings gedurende die 2019 jaar van aanslag gemaak:

2.3.1 ŉ Kontantskenking van ZAR100 000 aan die Johannesburgse Kinderhuis. Dit is deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens as ŉ openbare weldaadorganisasie goedgekeur. Constak het ŉ artikel 18A-kwitansie vir die skenking ontvang.

2.3.2 Bouvoorraad wat uit die voorraad aan ŉ plaaslike kleuterskool geskenk is, het nie vir ŉ artikel 18A-kwitansie gekwalifiseer nie. Die handelsvoorraad het ZAR240 000 gekos en het ŉ verkoopprys van ZAR475 000 gehad (albei bedrae sluit BTW uit). Die koste van die handelsvoorraad was by die voorraadaankope vir die jaar ingesluit maar nie by eindvoorraad nie.

## 3 Sogren

Sogren onderneem konstruksie- en eiendomsontwikkeling in Suid-Afrika. Die maatskappy het ŉ Desember jaareinde en is ŉ Kategorie B BTW-ondernemer. Sogren het verskeie woonstelblokke opgerig, en verkoop die individuele woonstelle gewoonlik sodra dit voltooi is.

Sogren het kontantvloeiprobleme ervaar en die direkteure het die volgende stappe gedoen:

3.1 Forev (Edms) Bpk (‘Forev’) is ŉ beleggingsbestuursmaatskappy wat alleen besit en bestuur word deur Sandile Xaba, die seun van Xoliswa. Forev het ŉ rentevrye lening van ZAR2 miljoen aan Sogren aangebied. Die lening is op 1 Maart 2018 gemaak en het ŉ terugbetalingsdatum van 29 Februarie 2020.

3.2 Sogren kon nie daarin slaag om tien van die woonstelle in een van die blokke wat die maatskappy opgerig het te verkoop nie en verhuur die woonstelle ingevolge huurooreenkomste teen ZAR10 000 elk per maand. Die tien woonstelle is teen ŉ gesamentlike koste van ZAR7 miljoen opgerig en die opemarkwaarde was op 1 Maart 2019 ZAR10 miljoen. Alle huurooreenkomste is op 1 Maart 2019 aangegaan. Die versekeringspremies beloop ZAR1 650 (BTW uitgesluit) per woonstel per maand en die jaarlikse bedrag is op 1 Augustus elke jaar vooruitbetaalbaar deur Sogren.

## 4 Bykomende inligting – wisselkoerse

| | 1 MAD : ZAR |
|---|---|
| 1 Januarie 2019 | 1,3362 |
| 31 Mei 2019 | 1,3390 |
| 31 Desember 2019 | 1,3400 |
| Gemiddelde wisselkoers vir FJ2019 | 1,3380 |


© SAIGR 2020

SAIGR
DIE SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT VAN GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS
ontwikkel.beïnvloed.lei.

**AANVANKLIKE TOETS VAN BEVOEGDHEID, JANUARIE 2020**

**PROFESSIONELE VRAESTEL 1**

| **VRAAG 2 – VERLANG** | | **Punte** | |
|---|---|---|---|
| | | **Sub-totaal** | **Totaal** |
| (a) | Bespreek, met verwysing na die beginsels van tersaaklike regspraak en die *Inkomstebelastingwet,* 1962 (Wet 58 van 1962), soos gewysig, of die betaling van ZAR175 000 in die 2019 jaar van aanslag as ŉ aftrekking deur Constak geëis mag word. | 10 | |
| | *Kommunikasievaardighede – logiese beredenering* | *1* | 11 |
| (b) | Bereken die normale belasting betaalbaar deur Constak vir die 2019 jaar van aanslag gebaseer op die inligting wat in die scenario verstrek is. | 13 | |
| | Begin jou berekening met die tak se wins soos in die inkomstestate uiteengesit. | | |
| | *Kommunikasievaardighede – aanbieding* | *1* | 14 |
| (c) | Verduidelik, met ondersteunende berekeninge, die skenkings-belastingimplikasies wat uit die lening voortspruit vir Sogren, Forev en/of Sandile. | 10 | |
| | Neem aan dat die amptelike rentekoers vir die tydperk 7,75% was. | | 10 |
| (d) | Verduidelik, met ondersteunende berekeninge, met betrekking tot die verhuring van die woonstelle – | | |
| | (i) al die BTW-implikasies vir Sogren; en | 8 | |
| | (ii) in watter jaar (of jare) van aanslag die versekeringsbetaling wat op 1 Augustus 2019 gemaak is vir normale belastingdoeleindes as ŉ aftrekking deur Sogren geëis mag word. | 4 | 12 |
| **Totaal vir die vraag** | | | **47** |